



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2018
GRAAD 10

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 1

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

11 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN

REKENINGKUNDE

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

INSTRUKSIES

1. Beantwoord alle vrae in die ANTWOORDBOEK voorsien.
2. Toon alle berekeninge waar toepaslik om deelpunte te verdien.
3. Lees alle instruksies sorgvuldig.
4. Probeer ten alle tye om binne die voorgeskrewe tye te hou.
5. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG	TEMA	PUNTE	TYD
1	Transaksie ontleding	22	18 minute
2	Begrippe en Debiteure Grootboek	15	11 minute
3	Inkomstestaat	52	42 minute
4	Notas en Balansstaat	36	29 minute
5	Ontleding en vertolking	25	20 minute
TOTAAL		150	120 minute

VRAAG 1: 22 punte; 18 minute

Tema van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Transaksie ontleding	Transaksie ontleding van 'n eenmansaak

VRAAG 2: 15 punte; 11 minute

Tema van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Begrippe en Debiteure Grootboek	Begrippe Debiteure transaksies

VRAAG 3: 52 punte; 42 minute

Tema van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Inkomstestaat	Inkomstestaat van 'n eenmansaak

VRAAG 4: 36 punte; 29 minute

Tema van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Notas en Balansstaat	Notas tot die Finansiële State; Balansstaat: Ekwiteite en Lastes Afdeling; Etiek

VRAAG 5: 25 punte; 20 minute

Tema van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Ontleding en vertolking	Ontleding en vertolking van finansiële state

VRAAG 1: TRANSAKSIE ONTLEDING**(22 punte ; 18 minute)****INLIGTING:**

Andile Makotsi is die eienaar van AM Winkels. AM Winkels verkoop mansklerie. Andile gebruik 'n vaste winsgrens van 65% op alle goedere verkoop.

Hy het ook 'n kleremaker in diens geneem om verstelwerk vir kliënte te doen. Hy gebruik 'n Fooi-inkomste rekening om alle verstelwerk wat gedoen word te boekstaaf.

GEVRA:

- Analiseer die volgende **DRIE** transaksies volgens die voorbeeld in die ANTWOORDBOEK.
- Veronderstel dat die bank 'n voordelige saldo het vir alle transaksies.

VOORBEELD:

Bv. Koop skryfbehoeftes vanaf XY Skryfbehoeftes vir R800 en betaal per tjek

TRANSAKSIES

- 1.1 Koop hemde op skuld vanaf Siva Handelaars vir R35 000 minus 10% handelskorting
- 1.2 Kontantverkope van handelsware, R14 355
- 1.3 Vra Madhav R350 vir verstelwerk aan broeke. Madhav het onderneem om die bedrag aan die einde van die maand te betaal.

VRAAG 2 : BEGRIPPE EN DEBITEURE GROOTBOEK**(15 punte ; 11 minute)****2.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte woord(e) in KOLOM B wat pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – D) langs die nommer (2.1.1 – 2.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

(4)

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Die maksimum tydskuur wat 'n debiteur toegestaan word om sy skuld te vereffen	A	Oninbare skulde
2.1.2	Debiteure se rekeninge afgeskryf, wat moontlik nie hulle rekeninge sal vereffen nie	B	Kredietlimiet
2.1.3	Die maksimum bedrag wat debiteure toegestaan word om goedere op skuld te koop	C	Kredietbeheer
2.1.4	Is beleide en prosedures wat beoog om die beheer uit te oefen om krediet toe te staan	D	Kredietterme

2.2 DEBITEURE GROOTBOEK

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Dlomo Winkels vir April 2018. Dlomo Winkels staan debiteure 30 dae toe om hul skulde te betaal. Indien 'n debiteur agterstallig is, sal rente teen 6% per maand gehef word.

GEVRA:

Berei die Debiteure Grootboek rekening van M. Smart vir Mei 2018 voor.

(11)

INLIGTING:

- 01 Saldo aan die begin van die maand, R7 000
- 05 Verkoop goedere op skuld aan M. Smart vir R5 000. Reik faktuur nr.101 uit.
- 10 Ontvang 'n betaling van R6 800 ter volle vereffening van sy rekening vir die bedrag verskuldig op 1 Mei, reik kwitansie nr. 4002 uit.
- 15 Reik kredietnota nr. 12 uit vir R900 vir goedere teruggestuur
- 20 Die bank stuur die tjek wat op 10 April 2018 ontvang is terug, gemerk "V/T – onvoldoende fondse".
- 25 Belas M. Smart rente vir een maand op die beginsaldo

VRAAG 3: INKOMSTESTAAT**(52 punte ; 42 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van Romeo Handelaars. Hul finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018. Romeo Handelaars gebruik 'n winsgrens van 100% vir alle goedere verkoop.

GEVRA:

Berei die Inkomstestaat van Romeo Handelaars voor vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018.

(52)

INLIGTING:

ROMEO HANDELAARS		
UITTREKSEL UIT DIE VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS: 28/02/2018		
	DEBIET	KREDIET
BALANSSTAAT-REKENINGE AFDELING		
Kapitaal		570 000
Onttrekkings	68 090	
Grond en Geboue	480 000	
Voertuie teen drawaarde	180 000	
Toerusting teen drawaarde	75 000	
Lening: Pretor Bank		120 000
Handelsvoorraad	38 000	
Verbruiksgoedere voorhande – skryfbehoeftes (1/3/2017)	300	
Debiteurekontrole	29 380	
Bank	17 060	
Wisselgeld	500	
Kleinkas	1 200	
Krediteurekontrole		55 500
NOMINALE-REKENINGE AFDELING		
Verkope		625 850
Koste van verkope	309 000	
Debiteure-afslag	17 850	
Korting ontvang		9 000
Korting toegestaan	1 800	
Salarisse en lone	120 900	
Advertensies	5 600	
Oninbare skulde	1 035	
Huurinkomste		22 200
Bankkoste	1 210	
Versekering	16 000	
Telefoon	4 425	
Skryfbehoeftes	1 800	
Diverse uitgawes	3 400	
Water en elektrisiteit	24 000	
Rente op vaste deposito		5 000
Rente op lening	11 000	
	1 407 550	1 407 550

AANSUIWERINGS:

1. Die verkope van goedere op skuld aan MK Jonas vir R4 500, is nie geboekstaaf nie.
2. 'n Kredietnota uitgereik aan J Robbie vir goedere teruggestuur is nie geboekstaaf nie. Die kosprys van die goedere was R7 500.
3. Die eienaar het goedere ter waarde van R5 200 (teen kosprys) aan die ouetehuis geskenk. Die transaksie is nie geboekstaaf nie.
4. Die rekenmeester van Romeo Handelaars het nie die skryfbehoeftes voorhande van die vorige jaar teruggeskryf nie.
5. 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2018 toon die volgende:

Handelsvoorraad	R29 000
Skryfbehoeftes	R800
6. B. Dillyn, 'n debiteur, wat Romeo Handelaars R7 000 skuld, word insolvent verklaar. Hy het R2 100 in die besigheid se bankrekening gedeponeer, die res moet afgeskryf word.
7. Waardevermindering van R16 350 moet nog in berekening gebring word.
8. Huur is ontvang tot einde April 2018. Neem in aanmerking dat die huur met 10% vanaf 1 September 2017 verhoog is.
9. Die betaling vir advertensies was 'n betaling vir twee advertensies. Een van die advertensies gaan eers in Maart in die koerant verskyn.
10. 'n Debiteur het R760 in die bankrekening gedeponeer. Sy rekening was vroeër as oninbaar afgeskryf.
11. Die bankstaat ontvang vanaf die bank reflekteer die volgende:

Diensgelde	R1 470
Rente op lopende rekening	R1 300
12. Water en elektrisiteit vir Februarie 2018 gaan eers in Maart 2018 betaal word, R1 300.
13. Versekering sluit 'n bedrag van R4 200 in vir die jaarlikse versekeringspremie wat betaal moet word op die 1ste Junie elke jaar.

VRAAG 4: BEGRIPPE, NOTAS EN BALANSSTAAT**(36 punte ; 29 minute)****4.1 BEGRIPPE**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

- 4.1.1 Opgelope uitgawes is uitgawes wat aangegaan word deur die besigheid en wat aan die einde van die finansiële jaar betaal word.
- 4.1.2 Die lening wat binne die volgende 12 maande betaalbaar is, word geklassifiseer as 'n bedryfslas op die Balansstaat.
- 4.1.3 Solvensie is die vermoë van die besigheid om sy uitstaande skuld te betaal wanneer dit betaalbaar is.
- 4.1.4 'n Kredietsaldo van die bankrekening sal verminder word wanneer 'n betaling aan krediteure gemaak word. (1 x 4)

4.2 NOTAS EN BALANSSTAAT

Onderstaande is 'n uittreksel vanaf die Na-Afsluitingsproefbalans van Baba Winkeliers op 28 Februarie 2018. Baba Winkeliers het 'n onervare boekhouer gehuur gedurende die jaar en die onderstaande aansuiwerings is nog nie in berekening gebring nie.

GEVRA:

4.2.1 Berei die volgende notas tot die finansiële state:

- (a) Eienaarsbelang (04)
- (b) Handels- en ander krediteure (18)

4.2.2 Berei die Ekwiteite en Laste afdeling van die Balansstaat vir Baba Winkeliers op 28 Februarie 2018 voor. (10)

(Waar notas nie gevra word nie, toon berekeninge om deelpunte te verdien.)

INLIGTING:

BABA WINKELIERS		
UITTREKSEL UIT NA-AFSLUITINGSPROEFBALANS OP ON 28 FEBRUARIE 2018		
	DEBIET	KREDIET
BALANSSTAAT-REKENINGE AFDELING		
Lening: BNB Bank		?
Verbruiksgoedere voorhande	3 000	
Debiteurekontrole	38 000	
Opgelope inkomste	1 800	
Opgelope uitgawes		2 300
Vooruitbetaalde uitgawes	2 400	
Vooruitontvange inkomste		4 700
Oortrokke bank		29 000
Krediteurekontrole		23 400

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

1. Die netto wins bereken in die Inkomstestaat bedra R397 695.
2. Die eienaar het sy kapitaalbydrae gedurende die jaar met R70 000 verhoog.
3. Die eienaar het R25 000 gedurende die finansiële jaar onttrek.
4. 'n Debiteur met 'n kredietsaldo van R900 moet oorgedra word na krediteure.
5. Die volgende hou verband met die lening vanaf BNB Bank.

Saldo op 1 Maart 2017	60 000
Terugbetalings sluit rente in	21 000
Rente	7 000
Saldo op 28 Februarie 2018	?

Betalings van R14 000 op lening sal gedoen word gedurende die volgende finansiële jaar.

6. J Smith het as werknemer op 1 Februarie 2018 by Baba Winkeliers begin. Die finansiële afdeling het hom per ongeluk nie ingesluit by die betaallys vir Februarie nie. Die besonderhede van sy salaris is as volg:

Bruto salaris	15 000
Aftrekkings:	
LBS	3 500
Pensioenfonds	1 500
Mediese fonds	2 000
WVF	150
Netto salaris	7 850

Die besigheid dra ook by tot die:

Pensioenfonds : 7.5% van bruto

Mediese fonds : Vir elke R1, dra die besigheid R1.50.

WVF : Op 'n Rand-tot-Rand basis

NOTA: Die Inkomstestaat is alreeds aangesuiwer.

VRAAG 5: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE**(25 punte ; 20 minute)**

Die onderstaande inligting is 'n uittreksel uit die boeke van Simona Handelaars. Hul finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018.

GEVRA:

- 5.1 Bereken die Bedryfskapitaalverhouding vir 2018. (5)
- 5.2 Bereken die vuurproefverhouding vir 2018 (4)
- 5.3 Lewer kommentaar of die besigheid sy korttermyn verpligtinge sal kan nakom. Dui syfers aan. (4)
- 5.4 Bereken die persentasie bedryfsuitgawes op verkope vir 2018. Lewer kommentaar oor die beheer oor bedryfsuitgawes. Gebruik syfers om jou antwoord te staaf. (5)
- 5.5 Gebruik die syfers voorsien en bereken die opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang. Moet Simona tevrede wees met die opbrengskoers? (7)

Inligting uit die Inkomstestaar vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018

Verkope	760 000
Koste van verkope	(570 000)
Ander bedryfsinkomste	18 200
Bedryfsuitgawes	146 260
Netto wins	61 900

Inligting uit die Balansstaat op 28 Februarie 2018

Vaste Bates	397 000
Vaste Deposito: Bank van Tshwane (9% p.j.)	10 000
Voorraad	35 200
Handels- en ander debiteure	47 000
Kontant- en kontantekwivalente	13 000
Eienaarsbelang (begin van die jaar)	390 000
Eienaarsbelang (einde van die jaar)	420 000
Langtermyn lening	80 000
Handels- en ander krediteure	21 000

FINANSIËLE AANWYSERS OP 28 FEBRUARIE 2017:

Bedryfskapitaal verhouding	2,9 : 1
Vuurproefverhouding	1,2 : 1
Persentasie bedryfsuitgawes op verkope	27,2%
Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang	25,5%

TOTAAL: 150**EINDE**